DEPARTEMENT VAN LANDBOU

No. R.

WET OP DIE BEWARING VAN LANDBOUHULPBRONNE, 1983
(WET No. 43 VAN 1983)

REGULASIES: WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens artikel 29 van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet No. 43 van 1983), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken “die regulasies” die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1048 van 25 Mei 1984, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. R. 2687 van 6 Desember 1985.

Wysiging van regulasie 1 van die regulasies

2. Regulasie 1 van die regulasies word hierby gewysig –

(a) deur die invoeging voor die omskrywing van “afleibaan” van die volgende omskrywing:

“ ‘afgebakende gebied’ 'n gebied ingevolge regulasie 15B van die regulasies deur die uitvoerende beampte goedgekeur vir die voorkoms, vestiging en instandhouding van kategorie 2 plante;”;

(b) deur die invoeging na die omskrywing van “afloopwater” van die volgende omskrywings:

“ ‘beheer’ om kategorie 1, 2 en 3 plante te bestry by wyse van die metodes in regulasie 15E voorgeskryf tot die mate nodig om die voorkoms, vestiging, groei, vermeerdering, voortplanting, regenerasie en verspreiding van sodanige plante te voorkom of in toom te hou;

‘biologiese beheer’ die gebruik van natuurlike vyande van kategorie 1, 2 en 3 plante om sodanige plante te beheer;

‘biologiese beheeragent’ 'n natuurlike vyand van kategorie 1, 2 of 3 plante wat gebruik word om sodanige plante te beheer;

‘biologiese beheer deskundige’ 'n akademiese of navorsingsinstituut of 'n akademiese of navorsingsorganisasie deur wetgewing ingestel, of 'n persoon verbonde aan of in diens van sodanige instituut of organisasie wat biologiese beheer van kategorie 1, 2 en 3 plante toepas en navors;

‘biologiese beheer reservaat’ 'n gebied ingevolge regulasie 15D van die regulasies deur die uitvoerende beampte aangewys vir die teel van biologiese beheeragente;

‘bosindringing’ lappe plante van die soorte in kolom 1 van Tabel 4 vermeld waar individuele plante nader aan mekaar as drie maal die gemiddelde deursnee van die kroon is;”;

(c) deur die invoeging na die omskrywing van “helling” van die volgende omskrywings:

“ ‘kategorie 1 plante’ plante van die soorte vermeld as kategorie 1 in kolom 3 van Tabel 3 teenoor die name van die onderskeie soorte plante;

‘kategorie 2 plante’ plante van die soorte vermeld as kategorie 2 in kolom 3 van Tabel 3 teenoor die name van die onderskeie soorte plante;

‘kategorie 3 plante’ plante van die soorte vermeld as kategorie 3 in kolom 3 van Tabel 3 teenoor die name van die onderskeie soorte plante;

‘omgewingsbewaringsregulasies’ regulasies ingevolge die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989), soos gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1182 van 5 September 1997, soos van tyd tot tyd gewysig, of soortgelyke regulasies gepromulgeer kragtens wetgewing geadministreer deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme;”;

(d) deur die invoeging na die omskrywing van “veld” van die volgende omskrywings:

“ ‘verkoop’ ook ooreenkom om te verkoop, vir verkoop aanbied, adverteer, hou, uitstal, versend, stuur, vervoer of lewer vir verkoop, of op enige wyse, hetsy teen ‘n teenprestasie of andersins, aan iemand uitruil, van die hand sit of lewer, en het ‘verkoop’, wanneer dit as ‘n naawoord gebruik word, ‘n ooreenstemmende betekenis;

‘vleiland’ grond wat oorganklik is tussen aard- en watersisteme waar die watertafel gewoonlik by of naby die bogrond is, of waar die grond periodiek met vlak water bedek is, en welke grond onder normale omstandighede plantegroei, wat tipies tot lewe in deurdrenkte grond aangepas het, ondersteun of kan ondersteun;”;

(e) deur die woord “en” na die omskrywing van “voorligtingskantoor” by te voeg; en

(f) deur die byvoeging van die volgende omskrywing:

" 'voortplantingsmateriaal' enige materiaal van 'n plant wat vir die voortplanting van daardie plant gebruik kan word.".

Vervanging van regulasie 15 van die regulasies

3. Regulasie 15 van die regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"Verklaring van onkruide en indringerplante

15. (1) Plante van die soorte vermeld in kolom 1 van Tabel 3 as kategorie 1 plante word hierby as onkruide verklaar tot die mate in kolom 3 van die betrokke Tabel teenoor die name van die onderskeie soorte plante aangedui.

(2) Plante van die soorte vermeld in kolom 1 van Tabel 3 as kategorie 2 plante en as kategorie 3 plante word hierby as indringerplante verklaar tot die mate in kolom 3 van die betrokke Tabel teenoor die name van die onderskeie soorte plante aangedui.".

Invoeging van regulasies 15A tot 15F

4. Die regulasies word hierby gewysig deur die invoeging van die volgende regulasies na regulasie 15:

"Bestryding van kategorie 1 plante

15A. (1) Kategorie 1 plante mag nie op enige grond of binnelandse wateroppervlakte behalwe in biologiese beheer reservate voorkom nie.

(2) 'n Grondgebruiker moet enige kategorie 1 plante wat strydig met die bepalings van subregulasie 1 op enige grond of binnelandse wateroppervlakte voorkom, by wyse van die maatreëls in regulasie 15E voorgeskryf, beheer.

(3) Niemand mag, behalwe in of vir doeleindes van 'n biologiese beheer reservaat –

(a) kategorie 1 plante plant, vestig, in stand hou, vermeerder of laat voortplant nie;

(b) voortplantingsmateriaal van kategorie 1 plante of enige kategorie 1 plante invoer of verkoop nie; en

(c) voortplantingsmateriaal van kategorie 1 plante of enige kategorie 1 plante verkry nie.

(4) Die uitvoerende beampte kan, indien goeie gronde skriftelik deur die grondgebruiker aangevoer word, skriftelik vrystelling verleen van die nakoming van die vereistes van subregulasie (1) op sodanige voorwaardes as wat die uitvoerende beampte in elke geval mag bepaal.

Bestryding van kategorie 2 plante

15B. (1) Kategorie 2 plante mag nie op enige grond of binnelandse wateroppervlakte behalwe in 'n afgebakende gebied of ‘n biologiese beheer reservaat voorkom nie.

(2) (a) Die uitvoerende beampte kan op skriftelike aansoek 'n gebied afbaken as 'n gebied waar kategorie 2 plante mag voorkom, gevestig en in stand gehou kan word.

(b) 'n Gebied ten opsigte waarvan 'n watergebruik lisensie vir stroomvloeiverminderingsbedrywighede uitgereik is ingevolge artikel 36 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998) word geag 'n afgebakende gebied te wees.

(3) Die uitvoerende beampte baken 'n gebied af vir die voorkoms, vestiging en instandhouding van kategorie 2 plante alleenlik indien –

(a) die kategorie 2 plante in die gebied onder beheerde omstandighede verbou word; en

(b) die betrokke grondgebruiker gemagtig is om water te gebruik ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998); en

(c) die kategorie 2 plante of produkte van kategorie 2 plante in die gebied aangetoon word om hoofsaaklik 'n kommersiële doel te dien, gebruik as 'n brandhoutbosperseel, windbreek, boumateriaal, voer vir diere, grondstabilisasie, medisinale of ander voordelige funksie wat die uitvoerende beampte mag goedkeur; en

(d) alle redelike stappe geneem word om die verspreiding van voortplantingsmateriaal van die kategorie 2 plante buite die afgebakende gebiede te beperk.

(4) Wanneer 'n gebied afgebaken word vir die voorkoms, vestiging en instandhouding van kategorie 2 plante kan die uitvoerende beampte sodanige addisionele voorwaardes oplê as wat rederlikerwyse nodig geag mag word om die kategorie 2 plante in die gebied in bedwang te hou.

(5) Niemand mag voortplantingsmateriaal van kategorie 2 plante of enige kategorie 2 plante aan 'n ander persoon verkoop nie tensy sodanige ander persoon 'n grondgebruiker is van 'n afgebakende gebied of van ‘n biologiese beheer reservaat.

(6) Niemand mag voortplantingsmateriaal van kategorie 2 plante of enige kategorie 2 plante verkry nie tensy sodanige materiaal of sodanige plante bedoel is vir gebruik in 'n afgebakende gebied of in ‘n biologiese beheer reservaat.

(7) Voortplantingsmateriaal van kategorie 2 plante of kategorie 2 plante word alleenlik ingevoer of verkoop ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Plantverbetering, 1976 (Wet No. 53 van 1976), die Wet op Landbouplae, 1983 (Wet No. 36 van 1983) en die omgewingsbewaringsregulasies.

(8) 'n Grondgebruiker moet enige kategorie 2 plante wat strydig met die bepalings van subregulasie 1 op enige grond of binnelandse wateroppervlakte voorkom, by wyse van die maatreëls in regulasie 15E voorgeskryf, beheer.

(9) Tensy daartoe gemagtig ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998), mag geen grondgebruiker kategorie 2 plante toelaat om binne 30 meter vanaf die 1:50 jaar vloedlyn van ‘n rivier, stroom, bron, natuurlike kanaal waarin water gereeld of wisselvallig vloei, meer, dam of vleiland voor te kom nie.

(10) Die uitvoerende beampte kan, indien goeie gronde skriftelik deur die grondgebruiker aangevoer word, skriftelik vrysteling verleen van een of meer van die vereistes van subregulasies (1), (3), (5), (6), (8) en (9) op sodanige voorwaardes as wat die uitvoerende beampte in elke geval mag bepaal.

Bestryding van kategorie 3 plante

15C. (1) Kategorie 3 plante mag nie op enige grond of binnelandse wateroppervlakte behalwe in biologiese beheer reservate voorkom nie.

(2) Onderhewig aan die bepalings van subregulasie (3), is die bepalings van subregulasie (1) nie van toepassing nie ten opsigte van kategorie 3 plante wat reeds bestaan ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie regulasies.

(3) (a) Geen grondgebruiker mag kategorie 3 plante toelaat om binne 30 meter vanaf die 1:50 jaar vloedlyn van ‘n rivier, stroom, bron, natuurlike kanaal waarin water gereeld of wisselvallig vloei, meer, dam of vleiland voor te kom nie.

(b) Die uitvoerende beampte kan sodanige addisionele voorwaardes oplê as wat redelikerwyse nodig geag mag word met betrekking tot kategorie 3 plante wat reeds bestaan ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie regulasies.

(c) 'n Grondgebruiker moet alle redelike stappe neem om die verspreiding van voortplantingsmateriaal van kategorie 3 plante te beperk.

(d) Die uitvoerende beampte kan, na oorleg met die grondgebruiker, 'n lasgewing ingevolge artikel 7 van die Wet uitreik dat kategorie 3 plante wat reeds bestaan ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie regulasies, beheer moet word by wyse van die maatreëls in regulasie 15E voorgeskryf.

(4) Niemand mag, behalwe in of vir doeleindes van ‘n biologiese beheer reservaat –

(a) kategorie 3 plante plant, vestig, in stand hou, vermeerder of laat voortplant nie;

(b) voortplantingsmateriaal van kategorie 3 plante of enige kategorie 3 plante invoer of verkoop nie; en

(c) voortplantingsmateriaal van kategorie 3 plante of enige kategorie 3 plante verkry nie.

(5) Die uitvoerende beampte kan, indien goeie gronde skriftelik deur die grondgebruiker aangevoer word, skriftelik vrysteling verleen van een of meer van die vereistes van subregulasies (1), (3) en (4) op sodanige voorwaardes as wat die uitvoerende beampte in elke geval mag bepaal.

Aanwysing van biologiese beheer reservate

15D. (1) Die uitvoerende beampte kan op skriftelike aansoek 'n gebied as 'n biologiese beheer reservaat aanwys.

(2) Die uitvoerende beampte wys 'n area aan as 'n biologiese beheer reservaat alleenlik indien –

(a) die betrokke area gebruik word vir die teel van biologiese beheeragente deur 'n biologiese beheer deskundige; en

(b) geen ander maatreëls wat die biologiese beheer vernietig of ondoeltreffend kan maak in daardie gebied toegepas word nie; en

(c) die betrokke gebied dien as 'n toevlugsoord waarvandaan biologiese beheeragente kan beweeg of versprei kan word na ander besmettings van kategorie 1, 2 of 3 plante.

Beheermetodes

15E. (1) Waar kategorie 1, 2 of 3 plante strydig met die bepalings van hierdie regulasies voorkom, moet 'n grondgebruiker sodanige plante beheer by wyse van een of meer van die volgende beheermetodes soos wat gepas is vir die betrokke spesie en die ekosisteem waarin dit voorkom:

(a) Ontworteling, afkapping, afsnyding of verbranding;

(b) Behandeling met 'n onkruiddoder wat geregistreer is vir gebruik in verband met sodanige plante ooreenkomstig die voorskrifte vir die gebruik van sodanige onkruiddoder;

(c) Biologiese beheer uitgevoer ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Landbouplae, 1983 (Wet No. 36 van 1983), die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 36 van 1989) en enige ander toepaslike wetgewing;

(d) Enige ander metode van behandeling deur die uitvoerende beampte erken wat die beheer van die betrokke plante as oogmerk het, onderhewig aan die bepalings van subregulasie (4);

(e) 'n Kombinasie van een of meer van die metodes voorgeskryf in paragrawe (a), (b), (c) en (d), behalwe dat biologiese beheer reservate en gebiede waar biologiese beheeragente effektief is, nie deur ander beheermaatreëls versteur word tot die mate dat die agente vernietig word of ondoeltreffend word nie.

(2) Die metodes in subregulasie 1 beoog, moet ook toegepas word met betrekking tot die voortplantingsmateriaal en die hergroei van kategorie 1, 2 en 3 plante ten einde sodanige plante te verhoed om saad te vorm of om op enige wyse te hervestig.

(3) Die verrigting van 'n daad van beheer is nie op sigself bewys dat die oogmerk van die beheermetodes bereik is nie en opvolghandelinge is verpligtend om die gepaste vlak van bestryding te behaal.

(4) Waar daar onsekerheid heers oor die teenwoordigheid of doeltreffendheid van 'n biologiese beheeragent, moet 'n biologiese beheer deskundige geraadpleeg word.

(5) Enige stappe gedoen om kategorie 1, 2 en 3 plante te beheer, moet omsigtig gedoen word en op 'n wyse wat die minste moontlike skade aan die omgewing sal aanrig.

Toepassing van ander wette

15F. Niks in hierdie regulasies doen op enige manier afbreuk aan enige verpligting opgelê aan 'n grondgebruiker ingevolge enige ander wet nie.”.

Vervanging van regulasie 16 van die regulasies

5. Regulasie 16 van die regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

“Aanduiders van bosindringing

16. (1) Inheemse plante van die soorte vermeld in kolom 1 van Tabel 4 word beskou as indikatorplante wat bosindringing aandui in die gebiede vermeld in kolom 2 van die genoemde Tabel teenoor die name van die onderskeie soorte plante.

(2) 'n Grondgebruiker van 'n gebied waarin natuurlike plantegroei voorkom en wat lappe indikatorplante bevat, moet praktyke volg om die agteruitgang van natuurlike hulpbronne te voorkom en om bosindringing te bestry waar dit voorkom.

(3) Een of meer van die volgende praktyke moet gevolg word met betrekking tot lappe indikatorplante in subregulasie (2) beoog ten einde die oorsaak van die agteruitgang van die natuurlike hulpbronne te verwyder en om die produksiepotensiaal van die natuurlike landelike grond te verbeter en in stand te hou:

(a) Ontworteling, afkapping of afsnyding;

(b) Behandeling met 'n onkruiddoder wat geregistreer is vir gebruik in verband met sodanige plante ooreenkomstig die voorskrifte vir die gebruik van sodanige onkruiddoder;

(c) Die toepassing van beheermaatreëls betreffende die gebruik en beskerming van veld ingevolge regulasie 9;

(d) Die toepassing van beheermaatreëls betreffende vermindering van vee of verwydering van diere ingevolge regulasies 10 en 11;

(e) Enige ander metode of strategie wat toepaslik kan wees en wat deur die uitvoerende beampte aangedui word by wyse van 'n lasgewing.”.

Vervanging van Tabelle 3 en 4 van die regulasies

6. Tabelle 3 en 4 van die regulasies word hierby deur respektiewelik die volgende tabelle vervang: